BRIEWE

Skoenlappertjies vrolik lewe op

Ná die lieflike reëns kom hier toe sowat tweehonderd skoenlappertjies van nêrens af om aan my dag ``magic'' te verleen. Ja, ek het beslis geen ander ``magic'' in my lewe nodig as wat die Skepper aan die skepping gee nie.

By my voete sit 'n kleinkind wat môre een jaar oud is en ek is lief vir my kleinkinders.

Kinders is droompies wat waar word.

Ons moet hulle oppas en waardeer. Hulle is ``magic''.

Gister het ek 'n ander soort ``magic'' oor OFM-radio beleef. My drie gunstelinge in 'n ry! ``I have a dream,'' ``You can make me whole again'' en ``Meisie meisie''.

Ek sal g'n klubs en vermaaklikheidsplekke besoek nie, ek wag om in my huis ontdek te word. En word ek nie ontdek nie, ``so what''. Daar's genoeg oulike ouens om voor ``hello'' en ``bye'' te sê oor die telefoon. 'n Man met 'n mooi stem is ``magic''.

My huis gaan nog bruggies, mooi ligte, blomme en alles wat ``magic'' is, kry om die eensames en die alleenmense tuis te laat voel.

Hester van Niekerk

Altonasingel 35, Fichardtpark,

Bloemfontein